10 November

**Skrifgedeelte: Johannes 19:38-42**
**Fokusgedeelte: Johannes 19:42a; Heidelbergse Kategismus Sondag 16**

## Die dood – 'n deurgang

*"Daar het hulle Jesus begrawe ..."*

Jesus Christus het Hom *tot in die dood verneder* om vir ons sondes te betaal (HK, v/a 40). Maar sy begrafnis is nie 'n verdere vernedering nie! Vier sake van sy begrafnis is opvallend:

- Terwyl gekruisigdes se liggame gewoonlik as waarskuwing aan die kruis gelaat is, gee Pilatus ('n onwrikbare persoon, vgl. 19:22) op versoek tog op dieselfde dag Jesus se liggaam prys om begrawe te word.
- Terwyl Nikodemus en Josef van Arimatea (lede van die Joodse parlement) in die verlede in die geheim Jesus se volgelinge was, plaas hulle nou hulle politieke loopbane op die spel en tref openlik die reëlings vir sy begrafnis. Dít terwyl Jesus se veroordeling en dood hulle alle rede gee om nie langer met Hom geassosieer te word nie.
- Terwyl Jesus eenvoudig en sonder aardse besittings geleef het, ontvang hy 'n duur begrafnis. Volgens sommige berekeninge is die koste van die linne en geurolie 'n jaar se salaris vir 'n dagloner.
- Terwyl Hy die seun van 'n skrynwerker is, en hoogstens op 'n familiegraf kon reken, word Jesus in 'n nuwe "grot-graf" begrawe – iets wat net vir mense met baie invloed en hoë aansien bestem was.

Oor al hierdie sake moet ons sê dat God die Vader op verskillende maniere sorg dat sy Seun koninklik begrawe word. Dit is duidelik dat Jesus se dood die einde van sy vernedering is en dat sy begrafnis die eerste tree van sy verhoging is. Sal ons wat Jesus volg (in lewe en in sterwe) nie ook dieselfde uitsig hê op ons eie en ons geliefde medegelowiges se begrafnis nie?

*Ons het 'n toekoms saam met Christus – die einde is maar die begin.*
*Die dood is oorgang tot die lewe – ons woon by God vir ewig in.*

*Sing: Lied 588:2*

*Dr. WC Vergeer (Krugersdorp)*